Mei / May 2013 No 39

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: **www.guavaproducers.co.za**

Redakteur/ Editor W**iehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

		Bladsy
1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Uitnodiging na Algemene Jaarvergadering & Inligtingsdag	2
3.	Bedryfsaangeleenthede	3
4.	Koejawelfees	4
5.	Nominasie van Bestuurslede	5
6.	Sakelys	6
7.	Notule van vorige Algemene Jaarvergadering	7 – 11
8.	Roetekaart	12

UITNODIGING

U word hartlik uitgenooi na die

ALGEMENE JAARVERGADERING & INLIGTINGSDAG

van die

Koejawel Produsente Vereniging

DATUM	:	**Woensdag** 19 Junie 2013
TYD	:	10:00
PLEK	:	Ceres Fruit Processors (CFP)
PROGRAM	:	Besoek CFP aanleg Gasspreker : Anton Reynecké *"Inleiding tot CFP en die sap industrie"*
ETE	:	Vingerete na afloop van die verrigtinge
RSVP	:	Vòòr Donderdag 13 Junie 2013 (Telefoon : [021] 8721501

SAKELYS, NOTULE & ROETEKAART

Op bladsy 6 tot 12

BEDRYFSAANGELEENTHEDE

VOORUITSIGTE VIR 2013-SEISOEN

'n Gemiddelde koejawel-oes word verwag indien klimaatstoestande gunstig bly vir die res van die seisoen. Gehalte en kleur blyk bete rte wees as verlede jaar. Marktoestande vir koejawelprodukte blyk gustig te wees en n goeie vraag word in die markplek voorsien. Vir uitvoere is die verswakende Rand 'n positiewe faktor en behoort winsgewindheid te bevorder.

CHEMIESE SPUITSTOWWE

Vir die 2013-seisoen word ontledings weereens op vars koejawels, gelewer vir verwerking, gedoen. Ewekansige monsters word tydens lewering getrek vir ontleding van spuitstowwe op die vrugte.

Twee laboratoruims word gebruik, naamlik Bemlab vir swaarmetale en Hearshaw en Kinnes vir chemiese spuitstowwe. Indien oorskrywings en/of nie-geregistreerde middels voorkom, sal 'n tweede monster onmiddelik getrek word vir ontleding en sal die betrokke koejawels teruggehou word en nie verwerk word nie.

Almal se samewerking in dié verband word waardeer. Hierdie aspek is 'n noodsaaklikheid vir die bedryf se voortbestaan.

LEDEHEFFINGS

Produsente met uitstaande ledegelde vir 2012 vir koejawels wat vars bemark is, moet dit asseblief tydens die Algemene jaarvergadering oorbetaal of in die Vereniging se rekening inbetaal.
Ledeheffings beloop R6-00 per ton koejawels verkoop in die varsmark.

ABSA Bank, Paarl, Rekening no. 400 159 459.

U ondersteuning vir u Vereniging word waardeer.

Anke besoek die koejawelstalletjie saam met Polla Malherbe

KOEJAWELFEES 25 & 26 Mei 2013

Die tweede Koejawelfees is die naweek van 25 en 26 Mei 2013 te Kleinbosch-gasteplaas in Daljosafat gehou. Die plaas is veral bekend vir die gerestoureerde Hugenote Gedenkskool.

Die fees het lewendige musiek, kos- en kunsuitstallings en vermaak aangebied terwyl almal iets oor die koejawel kon leer.

Die meer as 2000 besoekers kon deur die plaas se koejawelboorde stap en weglê aan die heerlike sappige koejawels, vars van die boom. Hulle kon eerstehands die heerlike vrug met sy heilsaamheid ervaar.

Die Koejawel Produsente Vereniging kon dan ook deur sy pragtige uitstalling bydra tot die sukses van die fees. Die koejawel se uitstaande eienskappe van hoë vitamien C, yster en dieëtvesel kon besing word. Verder het die koejawelresepteboek van die Vereniging, met sy verskeidenheid van resepte, groot aftrek gekry.

Die sjef Cobus Bekker het met sy kookdemonstrasies die veelsydigheid van die koejawel beklemtoon deur verskillende disse voor te berei. Die voedsaamheid en kreatiewe manier om met koejawels te werk, word deur hom uitgelig.

NOMINASIES VAN BESTUURSLEDE

Elke lid van die Koejawel Produsente Vereniging het reg tot nominasie van Bestuurslede. Vir die doel word ‘n aparte nominasie vorm hiermee aangeheg.

Tans word die onderskeie streke deur een persoon elk verteenwoordig. ‘n Verdere aantal persone, tans twee, word deur die Algemene Jaarvergadering verkies om koejawels in die algemeen te verteenwoordig. Die Bestuur het dan die verdere reg tot koöptasie van twee lede.

Die huidige Bestuurslede is as volg :

STREEK	**LEDE**	**PERSONE**
Porterville	1	C C van der Merwe
Paarl	1	P J Malherbe
Wellington / Dal Josafat	1	G R Joubert
Kraaifontein / Stellenbosch	1	J J P Uys
Mosselbaai	1	Billy Robertson
Addisionele Bestuurslede		Willie Visagie A J Joubert W Grobbelaar

Nominasie vorms moet behoorlik deur twee persone onderteken word. Gebruik u demokratiese reg!

Skriftelike getekende nominasies vir die bestuur kan gedoen word en moet die kantoor van die Vereniging voor die vergadering bereik.

ALGEMENE JAARVERGADERING OP **WOENSDAG 19 JUNIE 2013** OM **10:00** TE **CERES FRUIT PROCESSORS**, CERES

SAKELYS

1. Opening
2. Verwelkoming
3. Teenwoordigheid & Verskonings
4. Verklaring in terme van die Mededingingswet
5. Notule van vorige Algemene Jaarvergadering gehou op 11 April 2011
6. Sake uit Notule
7. Finansiële Verslag - Mnr Wiehahn Victor
8. Voorsittersverslag - Mnr Poena Malherbe
10. Verkiesing van Bestuurslede
11. Algemeen
12. Gasspreker - Mnr Anton Reynecké

P J Malherbe
VOORSITTER

NOTULE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 11 APRIL 2011 OM 17:00 TE Klein Drakenstein Laerskool, PAARL

1. OPENING & VERWELKOMING

Die Voorsitter, mnr D Joubert heet almal welkom. Mnr. Hannes van Jaarsveld open die vergadering met gebed.
'n Minuut van stilte ter nagedagtenis van oom Cornel Grobbelaar word gehou.

2. TEENWOORDIGHEID & VERSKONINGS

Die vergadering word deur 20 persone bygewoon.

VERSKONINGS

Roeloff Joubert
Billy Robertson
Mossie van der Merwe

3. VERKLARING IN TERME VAN DIE MEDEDINGINGSWET

Mnr. W Victor lees die deklerasie in terme van die Mededingswet voor en dit word in die teenwoordigheidsregister aangebring.

Die vergadering word ingelig dat die Vereniging op grond van twee punte ongersoek word ; naamlik riglynpryse en vooruitskattings.

'n Regsmening word ingewin.

4. NOTULE VAN VORIGE ALGEMENE JAARVERGADERING

Die notule van die Algemene Jaarvergadering gehou op
12 April 2010 is aan die produsente versprei en word as gelese aanvaar. Mnr W Grobbelaar stel voor dat die notule korrek is, dit word gesekondeer. Die notule word goedgekeur en onderteken.

5. SAKE UIT NOTULE

Geen sake uit die notule vir bespreking.

6. FINANSIëLE VERSLAG

6.1 GEOUDITEURDE STATE SOOS OP 28 FEBRUARIE 2011

Mnr Wiehahn Victor bespreek die geouditeurde state.

Die volgende bedrae is uitgelig :

Vrywillige heffings	R 76 783-00
Rente	R 10 718-00
Bedryfsuitgawes	R243 246-00
Netto Surplus(-tekort)	(- R155 746-00)
Balanstaat Saldo	R193 433-00

Die uitgawes word breedvoerig deur die Bestuurder bespreek.

Mnr. F de Manielle stel voor dat die geouditeurde state korrek is. Die state word goedgekeur.

a. OUDITEURE

Die ouditeure Broodryk De Villiers van Wellington word weer goedgekeur vir die volgende jaar.

Daar is ‘n voorstel en ‘n sekondant vir die besluit.

b. HEFFINGS

Heffings vir die volgende seisoen verhoog vanaf R4-00 per ton vir die produsente en R4-00 per ton vir die verwerkers na

R6-00 per ton van die produsent
R6-00 per ton van die verwerkers
R6-00 per ton vir vars verkope

Mnr. De Manielle stel hierdie verhoging voor. Die besluit word gesekondeer. Almal is daarvoor.

7. GENERIESE PROMOSIE VERSLAG

Die Bestuurder, mnr Victor doen verslag oor die Generiese Promosie wat die afgelope jaar gedoen is. Lethu Marketing is weer vir die doel gebruik.

In die vorige seisoen was daar 63 artikels oor koejawels in tydskrifte, koerante, radio en tv geplaas.

Vir die volgende seisoen word die Resepteboek oor koejawels as hoof prioriteit gestel. Daarmee saam sal ook ‘n bekendstelling plaasvind.

Die Verbruikerstudie Olimpiade word ook met R5500 geborg. Die Vereniging kry baie goeie resultate uit hierdie borgskap.

8. VOORSITTERSVERSLAG

Die Voorsitter, mnr D Joubert lewer ‘n baie insigewende Voorsittersverslag. Hierdie verslag is by die kantoor ter insae beskikbaar. (Dokument 3/2011).

Mnr P Malherbe bedank die Voorsitter, Bestuurder en Sekretaresse vir goeie diens gelewer.

9. BESPREKING VAN BEDRYFSAANGELEENTHEDE

Die produsente word gewaarsku om baie noukeurig met die spuit van chemiese gifstowwe te wees. Daar word van elke produsent ‘n monster of twee getrek om te toets vir spore van spuitstowwe.
Die Vereniging is verantwoordelik vir die administrasie van die spuitstowwe en die Verwerkers vir die ontledingskoste.

Die 2010 Boomsensus (onder lede) het die volgende gegewens opgelewer :

‘n Totaal van 246 844 bome is van rekenskap gegee
539.29 hektaar is onder koejawelbome.
Vanaf die laaste boomsensus (2005) is daar 44 387 nuwe bome op 94.5 hektaar aangeplant.

OESSKATTING :

Die oes lyk ligter, kleiner en vroeër as die vorige seisoen.

MARKTOESTANDE :

Die wisselkoers maak dat die uitvoere baie stram is. Die twee inmaakfabrieke het ‘n opdraende stryd.
Die binnelandse mark lyk beter

Met pulp en puree is die koejawel mark 50% binneland en 50% in die buiteland.

Die Voorsitter vra dat die produsente die sap koejawels op die plaas uitsoek. Sapgraad is nie weggooi koejawels nie, dit is ons grootste mark. Die podusente moet dit sodanig bewaar.

10. VERKIESING VAN DIE BESTUURSLEDE

Die Bestuurder, W Victor, lig die vergadering in dat daar geen nuwe nominasies ontvang is nie.

Mnr. F De Manielle stel voor dat die sittende lede in hul onderskeie streke aanbly.

Mnr. W Grobbelaar sekondeer.

STREEK	LEDE	PERSONE
Porterville	1	C C van der Merwe
Paarl	1	A J Joubert
Wellington / Dal Josafat	1	G R Joubert
Kraaifontein / Stellenbosch	1	J J P Uys
Mosselbaai	1	Billy Robertson
Addisionele Bestuurslede		Willie Visagie P J Malherbe

11. ALGEMEEN

11.1 Mnr. Chris Hattingh spreek sy misnoë uit dat die Mededingingskommissie se ondersoek die Vereniging se bestaan en goeie werk negatief beïnvloed.

Die Voorsitter bedank almal wat teenwoordig is.
Die vergadering verdaag om 17:50.

_____ _____

VOORSITTER DATUM

Besoek ons Webwerf

www.guavaproducers.co.za

Ons webwerf is ook nou is Afrikaans beskikbaar

Skryf vir ons 'n briefie

victor@guavas.co.za

Direction to Ceres
From Cape Town via Paarl

Take the N1 towards Paarl. Continue on the N1 through the Huguenot Tunnel towards Worcester. Approximately 2 km before Worcester, turn left on the R43 towards Ceres. Continue with this road for approximately 20 min until you get to a T- Junction.
At the T-Junction turn right onto the R301. Continue with the road for approximately 15 minutes until you reach another T-Junction.
Turn Right onto the R46 and drive through the Mitchell's Pass.
Arrive in Ceres.
Take Prince Alfred Hamlet turnoff (2nd robot) to left. CFP ± 1.5 km on left side.

OR

From Paarl via Wellington

Head North towards Noorder Paarl and turn right into Malmesbury Road (R45). Drive approximately 5 km to a four-way stop.
Turn right into Champagne St.
Drive for 2.5 km and turn left into Stokery Rd at the Robot.
Continue on this road (R44/R45), drive past the Hermon Turn off. Drive through Nuwekloof Pass. Drive pass the Wolseley Turn off and until you get to Mitchells Pass. Once you are through Mitchells Pass you have arrived in Ceres.
Take Prince Alfred Hamlet turnoff (2nd robot) to left. CFP ± 1.5 km on left side.